

Noord Nuus

wellington-noord
Geloofsgemeenskap



MacCronestraat 11 – Wellington – 7655
Tel/Faks: 021 873 2763 | Pastorie: 021 873 2765
Bankbesonderhede: ABSA, Wellington: 430 580 019

Francois Human: francois@wellingtonnoord.co.za
Johann Crous: crousjm@telkomsa.net
Marita Coetzee: marita@wellingtonnoord.co.za
Marius Otto: marius@wellingtonnoord.co.za

3 Mei 2020 - Aankondigings vir die week

Sondagprogram

Predikant Ds. NJ van As

Skakel gerus Sondagoggend in by ons erediens in samewerking met Moeder- en Ooskerk. Dit word uitgesaai op Facebook/YouTube. Die skakel na die twee platforms is:

www.facebook.com/wellingtonnoord

Die skakel word teen 07:00 gelaai op die blad. Dit word oop per sms na alle gemeentede gestuur wat op ons sisteem geregistreer is.

Klok

Op Maandae, Woensdae en Vrydae om 12:00 word die kerkklok gelui om mense te herrinner ons is nie alleen nie EN dat die Heer opgestaan het en saam met ons leef.



Waar vind ons antwoorde?

Ons het nie altyd antwoorde nie, maar in hierdie Corona-tyd word ons as volgelinge van Jesus wel herinner dat om Hom te volg, 'n kruistog is - 'n lydensweg. Lyding dwing jou om te verstaan dat jy nie in beheer is nie. En as ons dit eers regkry om lyding toe te laat om ons leermeester te wees, ontdek ons dat totale beheer oor ons lewens eintlik nooit moontlik is nie. Eers dan kry ons dit reg om te laat gaan – en beheer aan God oor te laat.

En dan skep ons ruimte om stil te bly en gestroop te luister. Dan volg ons Jesus sonder agendas. Dít kan nou gebeur met ons. Mag die Here ons seën met wysheid, waagmoed, deursettingsvermoë en geduld. En mag ons almal moed kry as ons in mekaar se oë kyk, ook dié wat in die sonsopkoms van hulle lewe is, die kinders; en dié wat in die sonsondergang van hulle lewe is, dié bejaardes; en dié wat in die skaduwee van die lewe is, die siekes, die armes en die haweloses. Mag ons almal moed kry as ons mekaar hoor praat en hoop vind as ons mekaar in die oë kyk.

Want ons weet nie van 'n toekoms sonder God nie.



Finansies

Elke dag, enige dag wat jy 'n verskil kan maak in iemand se lewe, iemand se lewe verander... Dis 'n goeie dag!

Die COVID-19 pandemie het ons bekende wêreld op sy kop gekeer. Die hele wêreld sit vasgevang in 'n ongekende tyd van ontwrigting, angs en onsekerheid. Alle beplanning (fondsinsamelings) wat ons as gemeente vir die toekoms gehad het, is nou "on hold".

Ons is bevoorreg om deel te wees van 'n gemeenskap wat werklik omgee. Of jy nou al vir jare gee - of net begin het om te gee - ons wil graag aan elkeen dankie sê. Dit is die krag van individuele skenkings - groot of klein, die kollektiewe saamkoms van passie, tesame met hulpbronne, het 'n groot impak om die gemeente vorentoe te beweeg. Elke sukses storie is slegs te danke aan elkeen wat hulle harte oopgemaak het en hierdie gemeente en al sy bedieninge as 'n projek van die Here sien. Met ondersteuning van mense soos u weet ons dat daar 'n besondere plan is vir Wellington-Noord. Dit beteken die wêreld vir ons, die wete dat daar mense is wat ons passie deel vir dit wat ons saam kan bereik in die gemeenskap. Elkeen se vennootskap met Wellington-Noord is vir ons onmisbaar.

Alle kerke is tans onder geweldige finansiële druk met dié dat kerke al vir geruime tyd toe is. Ons het ook aansoek by die werkloosheidversekeringsfonds gedoen om hulp wat salarisse aanbetref. Ons is egter ontsettend Dankbaar vir enige finansiële ondersteuning, hoe gering ookal, om ons deur hierdie moeilike tyd te help dra. Daar is heelwat uitgawes wat ons moet dek en barmhartigheidsdienste neem veral nou geweldig toe.

Rekeningnaam: NGK Wellington-Noord

Bank: ABSA

Tjekrekeningnommer: 430 580 019

Ons bid vir:

* **Stef Hugo** - sy suster oorlede ***Ria Koch** - haar broer oorlede
***Johan Swanepoel** - kanker behandeling ***Elize Henn** – kanker behandeling ***June Lotz** – ma kanker behandeling * **Schalk Burger** (Olyvenhout) – hospitaal

***Almal wat hul werk verloor het**, deur rasionalisering en posvermindering gaan

* **Ons bid spesiaal vir:**

- Polisie en Sekuriteitsmaatskappye
- Gevangenis personeel - Medici (verpleegpersoneel, susters, aptekers, dokters)
- Politieke leiers (wysheid, eerlikheid en leiding)



ACVV WELLINGTON
HELP GRAAG

KOSPAKKIES BESKIKBAAR

083 655 8843

WOON JY IN WELLINGTON EN IS JOU
KOSKASTE LEEG MET NIEMAND OM
TE NADER VIR HULP NIE?

KONTAK BOGENOEMDE NOMMER.

Verjaarsdae

Johan Bothma (2) – MC Barnard (2) – Abri Pool (2) – Ilse Kok (2) – Schalk Burger (3) – Christiaan Jansen van Vuuren (3) – Pierre-Jeanne Gerber (4) – Minke Selzer (4) – Carel Opperman (5) – Pierre Malan (5) – Nicky Simon (5) – Louis-Dirk Human (6) – Jana Booyens (6) – Elzette Geldenhuys (7) – Devlin Hurst (7) – John-Pierre Thompson (7) – James Lees (7) – Emma Morkel (7) – Anton du Plessis (8) – Carlet Selzer (8) – Andrea Bezuidenhout (9) – Jacques Jordaan (9) – Heinrich Brendell (9)



Dien met oorgawe

Ons visie sê "Wellington-Noord is 'n dinamiese gemeente wat daarna streef om die Here voluit en met oorgawe te dien. Dis wonderlik om al die getuïenisse van diens te hoor in die moeilike tyd. Lidmate wat uitreik na vriend en vreemdeling. Wat omsien na mense wat vir of saam met mekaar werk. Ons bemoedig mekaar daardeur. Dra die beeld van dienaar oor aan u gesin, bure, kollegas, werkers, werkgewer en elkeen wat die Here oor jou pad stuur.

Baie geluk!



Baie geluk aan Gerrie du Toit wat Oupa van tweeling-seuns geword het. (ons deel in Jana en Simon se vreugde)

Belangrike inligting

Gebedsversoeke en Pastorale versoeke
– kan deur gestuur word na Francois en Johan.

Versoek dat gemeentelede wat nog nie hul **selfoonnommers en e-posadresse** deurgestuur het nie. Dit stuur aan marius@wellingtonnoord.co.za



Bybelskool

Inligting word elke tweede week gestuur, al kom ons nie fisies byeen nie. Indien u wil deel daarin laat weet asb net vir ds. Francois

Ons kinders!



Gaan ook na ons **Facebook-blad** vir kreatiewe maniere om saam met u kind stil te staan rondom die Woord.

KERKBODE

Vandag se kerkkoerant vir vandag se kerkmense

Gaan loer gerus na die aanlynweergawe van die kerkbode by:

<https://kerkbode.christians.co.za/>

Daar is o.a. 'n pragtige artikel van Dana Snyman



KORINGPROJEK IN VOLLE GANG!

Ons is ongelooflik dankbaar vir passievolle mense wat bly dien en gee.

Dankie aan elkeen wat op sy/haar manier betrokke is.

